# WAT'S DIE DOEL?

**-JESUS-**

# JOH 1:1-14

1 Heel aan die begin het die Woord reeds
bestaan. Die Woord was by God, en die
Woord was self God.
2 Hy was reeds in die begin by God.
3 Alles het deur Hom bestaan, en sonder
Hom het nie een ding wat bestaan,
ontstaan nie.

**4 In Hom was daar lewe, en die lewe het gedien as die lig vir die mense.**
**5 Die lig skyn in die duisternis. Ja- die duisternis het dit nie uitgedoof nie!**
**6 Daar was ‘n man, gestuur deur God, met die naam Johannes.**
**7 Hy het gekom met die doel om getuienis te lewer, om van die lig te getuig sodat alle mense op grond van sy getuienis sou glo.**

**8 Hy was nie self die lig nie, maar het net kom getuig oor die lig.**
**9 Hy wat die betroubare lig is , wat elke mens verlig, was op pad na die mensewêreld .**
**10 Maar toe Hy wel in die wêreld was – die wêreld wat deur Hom ontstaan het – het die mensdom hom tog nie erken nie.**
**11 Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het Sy eie mense Hom nie aanvaar nie.**

# JOH 1: 4-5

**4 In Hom was daar lewe, en die lewe het gedien as die lig vir die mense.**
**5 Die lig skyn in die duisternis. Ja- die duisternis het dit nie uitgedoof nie!**

## GEN 6 : 6

**6 Die Here was spyt dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep bedroef.**

**7 Daarom se die Here: "Ek sal die mensheid wat Ek gemaak het heeltemal uitwis van die aarde. Saam met hulle sal Ek ook al die diere , klein en groot, asook die voëls vernietig, want Ek is spyt dat Ek hulle gemaak het."**

**8. Maar die Here was Noag goedgesind.**

# JOH 1:14

**En die Woord het mens geword en by ons kom woon. Ons het Sy heerlikheid duidelik gesien, 'n heerlikheid soos die' van die enigste Seun van die Vader, vol liefdevolle goedheid en waarheid.**

**Joh 1:15-18**

15 Johannes getuig oor Hom en roep uit:
”Hy is die een wat ek bedoel het toe ek
gesê het: “Hy wat na my kom, het reeds
voor my bestaan omdat Hy groter is as ek”.
16 Uit Sy volheid het ons almal ’n oorvloed
genade ontvang.
17 Die wet is deur midde van Moses
gegee; die genade en waarheid het deur
Jesus Christus gekom.

**18. Niemand het God nog ooit gesien nie.** **Sy enigste seun wat self ook God en baie na aan die Vader is, het Hom aan ons kom bekend maak.**